

Die Fontein

Nogtans ...

Nogtans...Nie my wil nie, maar U wil

Nogtans? Wanneer ons swarmoedig is

Vreugde ten tye van hoekoms en waaroms



HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN

JULIE 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordordenking: Uitkoms uit die doodloopstraat

04 Nogtans...Nie my wil nie, maar U wil

06 Vreugde ten tye van hoekoms en waaroms

07 Nogtans ... met 'n vraagteken!

08 Gebedsversoeke

Gemeentenuus

10 Hoe begin ek 'n gesprek oor Jesus?

11 Laerskool jeug / Afgesonder vir Jesus

12 Pinkstergeleentheid (deel 2)

13 Kerkfinansies

14 Ons leer ken ...

Rubrieke

15 Kollig: Siekebesoeke

16 Dit borrel in my!

17 Blokraai / Het jy geweet?

18 Het jy geweet?

19 Diere en voëls van die Bybel

20 Tienerfokus

Kinderhoekie

22 Vervolgverhaal

23 Kleuterpret

24 Jongmensjolyt

Advertensies

25 Snuffelfontein

26 Blokadvertensies

Tekste vir die maand:

2 Tessalonisense 1:4-12: (Die Boodskap)
Wanneer ons by die ander gemeentes van God kom, spog ons graag met julle. Ons vertel vir hulle hoe julle vas bly staan en bly glo ten spyte van al die vervolging en swaarkry wat julle moet verduur. Moenie mismoedig word nie.

Habakuk 3:17-18:

Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen duiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrake sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.

Uit die redakteur se pen

Magda du Toit

Nogtans

Die lewe werk nie altyd uit soos wat ons dit in ons drome beplan nie. Trouens, meer dikwels as wat ons graag sou wou hê, loop dinge skeef. Tog gaan die lewe aan en moet ons dit wat na ons kant toe kom op een of ander manier hanteer.

Wanneer ons by 'n krisispunt in ons lewens kom, is ons genoodsaak om te kies hoe ons dit gaan hanteer, al is dit hoe moeilik. Ons kan moed verloor en die handdoek ingooi, of ons kan moedig voortstry. Ons kan wrokke teenoor mense in ons harte bly dra, of ons kan hulle vergewe.

Ons keuses is dikwels gebaseer op: Ten spyte van. Desnieteenstaande. Ongeag. Ondanks. Nogtans. Tog. Al.

In hierdie maand se uitgawe van die Fontein fokus ons op hierdie oënskynlike teenstelling in die lewe: dat ons met ons lewens kan aangaan al is dit hoe moeilik, al kry ons hoe swaar, of al voel dit hoe onregverdig.

Habakuk 3:17-18 is sekerlik die bekendste gedeelte wat gebruik kan word om die proses te beskryf. Opsommenderwys verklaar die skrywer al sou daar so baie dinge verkeerd loop of nie gebeur nie, sou hy steeds vashou aan die Here, want selfs in die moeilikste omstandighede is die Here óók daar en daarom, desnieteenstaande ons omstandighede, kan ons die lewe vierkantig in die oë kyk.



In ons toerustingsartikels kyk ons na verskillende scenario's waar ons met hierdie nogtans-besluite in ons lewens gekonfronteer word. Ons gaan kyk hoe God, ten spyte van omstandighede, daardie situasies kan herskep sodat daar voordeel uitspruit, sodat ons kan verander, sodat ons Hom kan prys en loof, of sodat Sy naam uitgedra kan word.

In die afdelings wat spesiaal vir ons jonger lesers is, bied ons ook hierdie nogtans-konsep vir hulle op 'n manier wat vir hulle verstaanbaar is sodat hulle ook waarde uit ons maandblad kan put. Maak dus seker dat Die Fontein ook by ons jeug uitkom.

Ons gaan verder voort met ons reeks artikels oor die diakonie en diensgroepe en kyk ook na enkele gebeure binne ons gemeente wat die afgelope maand plaasgevind het.

Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en in by die Kerkkantoor in te dien. U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos in te stuur na fontein@annlin.co.za.

Lekker lees!
Magda



Woordoordenking: Uitkoms uit die doodloopstraat

Dr. Wim Vergeer (Krugersdorp)

Hierdie maand se Woordoordenking is geneem uit die Almanak van 2026.

Skrifgedeelte: Psalm 40
Fokusgedeelte: Psalm 40:7

“Put van slymerige modder” noem ons Skrifgedeelte (v 3) dié toestand: wanneer “ramp op ramp” my oorval en ek sug, my probleme “is meer as die hare op my kop” (v 13). Sulke omstandighede word nog moeiliker om te hanteer as ek soos Dawid met eerlikheid insien dat baie van my probleme my eie skuld is (v13).

Wat doen 'n mens in sulke omstandighede?

Die Heilige Gees gee in Psalm 40 twee antwoorde:


Eerstens moet jy nie ophou om na God te vlug nie. Soos Dawid het ook jy 'n geskiedenis van redding. God het jou al in die verlede gered – sal Hy nou ophou om aan jou te dink (v6)? **“Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel”** (v5). Bly dus biddend voor God.

Tweedens is dit belangrik dat jy sal verstaan wat God van jou wil hê. God wil hê dat jy Hom gehoorsaam moet wees (v7). Gehoorsaamheid is vir God belangriker as allerhande soorte offers.

Al sien jy nie die langtermynoplossing vir jou probleme nie, kan jy begin deur jouself af te vra: Hoe, en in wat, kan ek God nou, op hierdie oomblik, gehoorsaam?

Dis baie vertroostend om te weet dat die Nuwe Testament hierdie Psalm op Jesus Christus betrek. Christus het deur sy offer aan die kruis die wet vir ons vervul (Heb. 10:1-5). My en jou gehoorsaamheid is dus nie iets waardeur ons onself red nie. Nee, ons gehoorsaamheid is 'n dankbare vasgryp aan Jesus se volmaakte gehoorsaamheid in ons plek.

Op grond van Christus se verdienste wil God ons sekerlik verhoor. Deur Hom word 'n nuwe lied in ons mond gelê (v 4) en kan ons met blydschap getuig (v10): **“Die Here het my verlos!”**



Nogtans...Nie my wil nie, maar U wil

Johnny Beumer

Dit gebeur soms in 'n mens se lewe dat dinge nie uitwerk soos wat jy beplan het of soos jy dit vir jou voorgestel het nie. Jy het dalk die beste bedoelings gehad, maar jy word teruggedwing of jy beland in sak en as omdat God se plan met jou anders lyk as dit wat jy wou hê.

Het dit al met jou gebeur? En uiteindelik moet jy vra... Here, waarom? Ek het dit dan so goed bedoel!

Daar is baie voorbeelde in God se Woord waar gelowiges ook voor God se wil te staan gekom het, swaar gekry het, maar later tot die besef gekom het dat dit tog alles deel was van God se plan.

So is daar Josef. Ons ken die geskiedenis: sy broers se jaloesie bring mee dat hulle hom verkoop het aan handelaars. Ons lees in die Bybel hoe hy in Potifar se diens gekom het in Egipte, hy onskuldig in die tronk beland het toe Potifar se vrou hom wou verlei, hy deur God se bemiddeling die bakker en skinker en uiteindelik Farao se drome uitgelê het en later het hy onderkoning van Egipte geword.

Josef het dit tydens sy beproewing nie so ingesien nie, maar kon uiteindelik teenoor sy broers getuig dat dit alles deel van God se plan was om sy volk na Egipte te bring om hulle van 'n hongersnood in die land Kanaän te red. (Genesis 45: 5b –


“want dit is vir die behoud van lewens dat God my voor julle uitgestuur het.”

So was daar Naomi wat swaar gekry het toe haar man en seuns gesterf het in Moab en sy saam met haar Moabitiese skoondogter Rut teruggetrek het Betlehem toe. Rut het met Boas getrou en beide is in die geslagsregister van Jesus opgeteken (Matteus 1: 5b).

Naomi was so swaarmoedig dat sy Mara (bitter – Rut 1: 20) genoem wou word. Nogtans ...kan ons nou sien dat Naomi ook haar rol gespeel het in God se raadsplan!



Nogtans...Nie my wil nie, maar U wil (vervolg)



Daar is ook die voorbeeld van Paulus. Die gemeente in Rome het nie deur Paulus se toedoen tot stand gekom nie en Paulus wou die gemeente baie graag besoek, maar is telkens verhinder (Romeine 1: 13). God beskik eerder dat Paulus aan die gemeente in hierdie wêreldhoofstad, Rome, 'n brief skryf. Watter wonderlike brief was dit nie! Dit is die een brief in die Bybel met 'n pragtige uiteensetting van die evangelie – en dit is steeds daar vir ons om vandag te lees. Die Romeinebrief word die meeste in ons belydenisskrifte aangehaal.

So beskik God dat die evangelie op skrif uitgelê word vir baie meer mense as net die Romeinse gemeente. As Paulus self persoonlik met die gemeente gepraat het, sou die evangelie waarskynlik nie so duidelik vir ons opgeteken gewees het nie. Paulus is verhinder om persoonlik besoek af te lê, maar God beskik met 'n brief!

Nou wil ek graag vertel van 'n gebeurtenis in 2011 waarby ons gemeente direk betrokke was. Ons eerste uitreik na Mosambiek is deur die Strand gemeente gereël. Daar was ongeveer 20 persone op die uitreik – drie uit ons eie gemeente. Die groep het in kleiner groepe verdeel en vir drie weke het hulle met groot seën die evangelie op plekke in die Zambesia provinsie verkondig. Die uitreik is op 'n hoë noot afgesluit en aan die einde van die drie weke sou hulle die vyf-dae lange reis terug na Suid Afrika aanpak.

Hulle het die volgende oggend vroeg (04:00) vertrek terwyl dit nog donker was. Een van hul voertuie, 'n Toyota-bussie, het toe met 'n stilstaande vragmotor gebots terwyl die insittendes van die bussie besig was om geestelike liedere te sing. Twee van die uitreikers het gesterf en 'n aantal is ernstig beseer. Nou vra jy: Here, dit het so goed gegaan – hulle was so vol van U Gees – Waarom?

Nogtans...moet ons vashou dat God beskik! Agterna is besef dat hierdie insident in ander dele van die wêreld bekend geword het en dat daar onophoudelik vir die groep gebid is.

Ook die gemeentetjies wat in Mosambiek bedien is, het in hul kerkies bymekaar gekom en gebid. Die werk in Mosambiek het ook deur hierdie uitreik so bekend geword sodat die werk vandag nog steeds kan voortgaan d.m.v. geldelike bydraes vanuit verskillende oorde.

Ons eie gemeente is na 15 jaar steeds betrokke en so gebruik die Here ons om God se koninkryk ook daar in Mosambiek te vestig.

**Here, waarom? ... nogtans nie soos
ons wil nie, maar soos U wil!**

Vreugde ten tye van hoekoms en waaroms

Magda du Toit

“Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! ... Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”

Filippense 4:4 – 7

“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.”

Habakkuk 3:17-19

Glo jy in God omdat jóú lewe goed is?
Of glo jy in God omdat Hý goed is?
Anders gestel: Het jy ’n nogtans-
ingesteldheid tot die lewe, of ’n solank-
as-wat-alles-goed-gaan-benadering?
Is jy vervul met blydschap en vreugde
omdat jou lewe voorspoedig is, of straal
jy vreugde uit ondanks jou
omstandighede?

Soms laat die lewe ons met waaroms en
hoekoms. Hierdie vrae hou meestal
verband met iets wat ons as ’n verlies
ervaar – verlies aan lewenskrag of
gesondheid, van ’n geliefde, ’n werk of
geleentheid in die lewe.

Hoe benader jy die lewe as dit vir jou voel
of jy van iets kosbaars beroof is?
Om hartseer te wees is menslik. Om
soms in opstand te kom en vrae te vra is
nie ongewoon nie. Maar hoe behou ons
lewensvreugde onder moeilike
omstandighede?

Vreugde – ware lewensgeluk – is ’n
ingesteldheid. Dit is soos ’n saadjie wat
van binne af uit jou groei. Dit is gewortel
in jou geloof.

Die profeet Habakkuk het onder ellendige
omstandighede geleef. Hy en sy mense
het swaar gekry. Die bome was sonder
vrugte en die veld sonder vee. Om hulle
het groot onreg plaasgevind en die
toekoms was donker.

Nogtans kla hy nie. Ondanks hierdie
omstandighede, kry hy dit reg om steeds
in die Here bly te wees – te jubel. Die
geheim? Net soos Job, Josef, Dawid, en
Paulus hou hy aan God vas – nie omdat
sy lewe maklik is nie, maar omdat die
God in wie hy glo, goed is. Dít is die bron
van sy vreugde en sy krag.



Vreugde ten tye van hoekoms en waaroms (vervolg)

Dwarsdeur die Bybel kry ons die oproep om bly te wees. Paulus skryf vir die gemeente in Filippi: Wees bly en bid, en God se vrede sal in en oor julle lewens heers.

As ons wag totdat alles in ons lewens perfek is voordat ons onself blydskap gun, gaan blydskap soos 'n skim op die horison bly.

Habakuk, en so ook Job en Paulus, se resep vir vreugde was om God te ken en om in 'n nou verhouding met Hom te leef. Wanneer ons ook só saam met die Here leef, sal ons ook Sy vrede ervaar – ondanks ons omstandighede.


Onder moeilike omstandighede het Habakuk na die Here gegaan. Die Here het jou geroep. Jy is syne. Steek dan jou hand na God uit. Gaan sit soos Maria by Jesus se voete. Daar sal jy toegerus word vir 'n nogtans-lewe.

**“Ondanks hierdie
omstandighede, kry hy
[Habakuk] dit reg om steeds
in die Here bly te wees – te
jubel ... omdat die God in wie
hy glo, goed is.”**

Onthou, vreugde vanuit jou verhouding met die Here word nie deur iets bepaal nie. Dit is in God gesetel. Só vreugde is onafhanklik van, en ondanks, omstandighede. Só 'n blydskap verander vraagtekens in uitroeptekens.

Dit maak dat ons ook onder álle omstandighede saam met Habakuk kan sê:

“Al sou ... nogtans sal ek in die Here jubel. Ondanks my omstandighede sal ek juig in God, my Redder! Ten spyte van my swaarkry en seer, is ek bly en dankbaar oor soveel goeie dinge in my lewe.”



Nogtans ... met 'n vraagteken!

Ds. Pieter Kurpershoek

Hoe realisties is dit om altyd weer te kan uitjubel (Habakuk 3:18):

Nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder?

Soms is die donker van die lewe immers bitter donker. Jou man met wie jy so 'n goeie verhouding gehad het, is net weg, of jou lewenshuisie het inmekaar getuimel, of daar is net hierdie donker pyn diep in jou hart wat net nie minder wil word nie. Jy is diep in die donker bos verdwaal en jy raak net nie ontslae van die depressie-wolf wat jou bly agtervolg nie.

In Psalm 88 leef die digter in 'n diep-diep-donker bos. Hy ly emosioneel en fisies (88:4), want hy is op sy eie, sonder enigiemand wat hom liefhet of wil versorg (88: 9, 19). Hy huil aanhoudend (88:2, 10, 14) en dit voel vir hom asof hy sonder krag is, asof hy dag en nag in die greep van die dood is (88:3-9, 11-13, 15-19). Daarom steek die digter sy hande na die Here uit en roep hy na die Here (88:2, 10, 14).

MAAR - en dit is die groot donker in die Psalm! - dit lyk asof die Here hom net vergeet het (88:15). EN ... daar kom nie enige uitkoms nie, ook nie aan die einde nie. Sy laaste woorde is immers diep-donker (88:19):

Die duisternis van die dood is my geselskap.

Wat maak hierdie kind met sy pyn? Sing hy net die Habakuk-nogtans, jubelend bly, al is sy hart diep-donker? Of dink hy dat dit sinloos is om nog met die Here te gesels? Begin hy wegstap by die Here? Gaan soek hy hulp en uitkoms êrens anders?

Néé, juis in die donker stilte praat hy steeds met die Here. Hy beklemtoon vanaf die begin dat die Here SY God is, sý God wat hom altyd help (88:2). Hy hou vas aan die Here se reddende krag!

En ja, dan is hy baie skerp met die Here (88:9-11, 15-18). Want nie net vertel hy vir die Here hoe donker sy lewe is nie, maar hy hou die Here daarvoor verantwoordelik! Hiermee sê hy eerlik vir die Here dat die Here in staat is om sy situasie te verander. Maar hiermee is hy ook eerlik oor sy donker pyn en bly hy aan die Here vasklou! Selfs al antwoord die Here hom nie, gaan hy nie stilbly teenoor die Here nie. Die Here bly SY Here!

In sommige dele van die donker bos is dit nie altyd maklik - of dalk self moontlik - om by die Habakuk-nogtans uit te kom nie. Máár, al oorweldig my lewe my hoé baie, tóg dring die Gees van Christus my om aan die Here te bly vashou, aan dié Here wat in Egipte sy kinders gehoor en toe verlos het, aan dié Here wat op Golgota sy Seun verlaat het, alleen gelaat het, in die diepste-diepste-donker denkbaar!


Dis die genade van geloof: Ek strompel in die donker bos én ek bly vashou aan die Here se reddende werk in die verlede. Ek sien net donker om my én ek bly die kruis raaksien. Ek voel doodsalleen ... én ek bly die Here raaksien wat in die donker van die lewe tog teenwoordig is, aandag gee. Ek hoor en sien niemand nie én ek bly na Hom roep. In die diepste-diepste donker bly ek die laaste woorde van Lied 478 sing, al is dit soms met 'n diep-krakende stem:

Die kruis van ons Verlosser sluit vergesigte oop!

In 'n verwarde wêreld bring dit weer vaste hoop!

Gebedsversoeke - Nogtans ...

Corrie van Wyk



Matteus 12: 20: 'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie.

Wat is broser as 'n geknakte riet? Is jy 'n geknakte riet? Het jy ook eens trots en regop gestaan, gevoed deur die waters en gewortel in 'n rivierbedding van sekerheid? Toe het daar iets gebeur. Jy is geknak ... deur harde woorde, deur 'n vriend se woede, deur 'n eggenoot se ontrouheid, deur jou eie mislukkings, deur godsdienstige onbuigsamheid. En die smeulende lamppit? Eens brandend, maar nou net 'n flikkering. Steeds lou, maar sonder die vuur. Wanneer laas het jou geloof in jou gebrand? Onthou jy nog hoe jy die pad vir ander verlig het?

In Matteus 12:20 word Jesus se sagmoedigheid en deernis beskryf: Hy sal nie 'n geknakte riet afbreek of 'n dowwe lamppit uitdoof nie. Dit is 'n belofte dat Hy nooit die gebrokenes, swakkes of dié wat geestelik moeg is, sal verwerp of vernietig nie.

Gebed

Here, ons Here hoe groot is U naam op die ganse aarde! U is 'n God van genade en liefde. U versaa nie dié wat hul toevlug tot U neem nie. U herinner ons daaraan dat ons kan kies om te jubel, selfs wanneer ons swaarkry. Here, help ons om altyd daarna te streef om Habakuksmense of Jobskinders te wees... Om nogtans te jubel!

Amen

Job 2: 21 Naak het ek uit my ma se skoot gekom, en naak sal ek weer wees die dag wanneer ek doodgaan. Die Here het my alles gegee wat ek gehad het, en nou het Hy dit alles weggeneem. Prys die Naam van die Here!

Job is fyngemaal deur die lewe. Job se worsteling in die Bybel is 'n intense soeke na sin te midde van onverklaarbare swaarkry. Dit leer ons dat gelowiges eerlik met hul pyn mag worstel. Deur sy verhaal ontdek ons dat ware geloof nie 'n maklike antwoord soek nie, maar dat 'n mens selfs in die donkerste tye aan God kan vashou.


Habakuk 3: 17-18 Selfs al sal die vyeboom nie bot nie en die wingerd sonder druiwe staan, al het die olyfoes misluk, en lewer die landerye niks op nie, al vergaan die kleinvee in die veld en is die beeskrale leeg; tog, ten spyte van alles, sal ek my verbly in die Here! Ek sal juig oor God wat my verlos!

In Habakuk beskryf die profeet 'n situasie van totale verwoesting – geen oeste, geen vee, en geen inkomste nie. Ten spyte van hierdie omstandighede kies hy om te juig in sy Redder, omdat die Here sy krag is.

Wanneer die lewe swaar is en dinge nie volgens plan verloop nie, is dit 'n wonderlike geloofskeuse om jou vreugde en hoop in God te vind. Om dankbaar te bly, ten spyte van die pakkie wat jou toebedeel word. Om **nogtans** te kan jubel...

Gebedsversoeke - Om teen 'n diepe seer te stry, maar nogtans:

Carina Pyper



Elkeen se seer is verskillend. Dit kan sielkundig, geestelik of fisies wees. In baie gevalle is hierdie diepe seer ook 'n baie private aangeleentheid.

Daar is diegene wat teen depressie stry en weer ander van ons geliefde medelidmate wat in 'n stryd gewikkel is teen siektes soos onder meer kanker. Tog loop hulle hierdie strydende pad met kanker of ander siektetoestande met hul hand in dié van die Here. Die getuigenis wat sommige lidmate deel is ongelooflik betekenisvol en dien ook om ander te bemoedig.

Dan is daar verder baie lidmate wat geliefdes moes groet wat 'n diep seer en gemis in lewens laat.

In al hierdie gevalle, besef ons dat hulle besig is om op 'n pad van lyde en ook soms stryd te stap. In Jesaja 43 vind ons paar bemoedigende verse wat vir ons almal 'n anker kan wees om aan vas te hou – die wete dat Hy 'n mens nie sal begewe of verlaat nie – soos dit ook in Deut. 31:6 staan.

“Die geknakte riet sal Hy nie verbreek nie en die dowwe lampit nie uitblus nie.” -Jesaja 43:2.

GEBED

Onse Vader wat in die Hemel is. Ons is so afhanklik van U. So baie van ons stry teen seer en siekte. Ons dra almal wat finansiële uitdagings het, wat verhoudingsprobleme binne families het, hulle met werksuitdagings of dié wat ook met ander probleme stoei, aan U op. Ons pleit by U om uitkoms te gee binne U wil. Maar ons weet U is ons Verlosser en Saligmaker, U sal die geknakte riet nie verbreek nie, en ons nie verlaat nie. Ons bid dat ons rus sal vind by U altaar. Here, dankie dat ons in ons swakheid en seer kan vashou aan U Woord. Wees in besonder met die van ons wat veg teen depressie, hou hulle styf vas in U Vaderhand. Wees in besonder met al ons geliefde lidmate wat stry teen kanker, ander siektes, ouderdom en eensaamheid. Gee hulle die krag en vrede wat net U vir ons kan gee. Help ons asseblief in hierdie gemeente om mekaar te dien en te ondersteun. Help ons sodat ons vir mekaar sal bid, en in liefde en omgee sal leef. Vul ons met U liefde en U Gees. U is die Alfa en die Omega. U is ons Redder en Saligmaker. Ons harte juig want U het ons Lief. Ek bid dit in Jesus Naam.

Amen

Die afgelope jaar moes ons gemeente afskeid neem van heelwat van ons nabye vriende en kennisse wat Sondae saam met ons in die kerkbanke was. Hulle afwesigheid laat 'n leemte nie net in die eredienste nie, maar ook in ons harte. Tog berus ons en weet ons dat hulle nou tuis is by ons hemelse Vader. Ons dra die families en geliefdes van almal aan ons Here op en bid dat Hy almal sal vashou en dra. Mag julle ons Hemelse Vader se troos en nabyheid in hierdie tyd ervaar. Ons dink ook in die besonder aan die gesin en familie van Marianne Janse van Rensburg. Marianne was 'n gereelde bydraer van artikels in Die Fontein en ons gaan haar slag met woorde mis.



Hoe begin ek 'n gesprek oor Jesus?

Gerhard van Staden

Ons gemeente se evangelisasiekommissie se oogmerke is om onder andere ons gemeente toe te rus om na mense in ons eie en nabye omgewing uit te reik.

Op **Sondag, 21 Junie 2026** het ons gemeente na die erediens in die saal byeengekom waar br. Giepie van der Merwe ons meer kom vertel het oor hoe ons te werk moet gaan om met mense wat ongelowig is, oor Jesus te gesels.

In Lukas 4:18 lees ons dat Jesus sê **“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig ...”**. (vgl. Jesaja 61:1 & 2).

Wie is die “armes” wat Jesus hier van praat? Die sogenaamde “armes” kan verskeie betekenisse hê, soos bv. mense wat geestelik verarm is of selfs fisiese armoede, maar een van die armoedes van ons tyd is eensaamheid. Eensaamheid word as die grootste gesondheidskrisis van die Westerse Wêreld beskou.

Dissipelmaking is 'n diep gewortelde, persoonlike ingesteldheid waar jy geroepe voel om met mense oor Jesus te gesels. Die proses wat gevolg word, kom kortliks op die volgende neer:

- ♥ Dit begin in jou hart.
- ♥ Jy dra mense op in jou gebed.
- ♥ Jy raak betrokke by die persoon (deur algemene vrae te vra).
- ♥ Jy ontdek raakvlakke deur vrae te vra (ook deur belangstelling te toon).
- ♥ Jy kom meer te wete oor die persoon (deur sy vertroue te wen)
- ♥ Julle kom gereeld byeen deur opvolg-gesprekke te hê.

Insteede daarvan om direk met geestelike gesprekke te begin om verlorenes te bereik, is dit veel belangriker om eers net gewone gesprekke met mense te voer. Wys vir 'n mens jy stel in hom of haar belang. Om so 'n gesprek te begin, kan jy 'n paar vrae aan hom/haar stel. Br. Giepie het 'n lysie met standaard vrae saamgestel en uitgedeel en hierdie vrae is ook nou by die kerkkantoor beskikbaar.

Die vraag bly steeds: **Maar hoe?**

Daar is 'n paar fundamentele, en tog eenvoudige beginsels: Wen die persoon se vertroue. Sit neer jou foon. Gesels met hom of haar. Maak altyd oogkontak. Onthou - hierdie mense het iemand nodig om mee te gesels. Bid vir hulle.

Die Here sal saam met jou werk. As die persoon se vertroue gewen is, gaan oor na die volgende stap. Vra dan: Wat is jōu ingesteldheid teenoor ongelowiges? Waar bevind jy jou in jōu geestelike lewe? Br. Giepie het die gesprek met die volgende wenke afgesluit:

- ♥ Doen moeite met die ander persoon, selfs al is dit 'n familielid.
- ♥ Moenie mense probeer oorreed nie!
- ♥ Getuig net. Die Here sal hom of haar oortuig!
- ♥ Doen dit in geloof, so sê die Here!

Die hele gesprek is opgeneem en is beskikbaar op **hierdie skakel**. 

'n Volgende sessie hieroor sal later vanjaar plaasvind.

Laerskool jeug

Rika du Plessis

Die seisoen tussen somer en winter. . . Tyd!

Die laerskool jeug het 'n pretbelaaide speletjiesaad beleef in Junie.

Met groot opgewondenheid is daar 30 Seconds, Uno, vingerbord, Slangetjies en leertjies, tafeltennis, pluimbal en vele ander speletjies gespeel. Selfs 'n paar ouers kon later nie die pret weerstaan nie. Daar is heerlik pizza geëet en nuwe vriende gemaak.



Afgesonder vir Jesus

Andrie Beumer

Sondag 12 Julie was 'n besondere dag in die lewe van twee geliefde diakens, Pieter en Danelle Venter. Nie net was dit mamma Danelle se verjaardag nie, maar dit was ook die dag dat sy en Pieter hulle seuntjie **Mechiel** laat doop het.

Hierdie geleentheid was 'n vreugdevolle gebeurtenis en ds. Pieter Kurpershoek het dit ook vanuit 'n besondere invalshoek belig deur nie soos gewoonlik die doopsformulier voor te hou nie, maar wel die NGB, art. 34. Op treffende wyse het hy ons weer herinner dat ons geloof deur die Heilige Gees kom, deur die verkondiging van die Woord, maar ook deur die gebruik van die sakramente, waarvan die doop een is. Die doop wys en verseker ons dat Jesus ons met Sy bloed en gees was. Die doop is deur Jesus self ingestel toe die besnydenis afgeskaf is. Deur die doop word babatjies nou reeds lidmaat van die kerk, afgesonder vir Jesus en draer van sy merkeken.

Die sigbare teken van water dui daarop dat Jesus ons reinig deur die besprinkeling van sy kosbare bloed. Die bedienaar van die sakrament gee die sigbare teken van water, maar die Here gee ons die onsigbare genadegawes. Dit is onder andere die reiniging van ons siel en die vernuwing van ons hart.

Hy het ook beklemtoon dat ons slegs een maal gedoop word en dat kindertjies gedoop moet word. Soos die beloftes aan die kinders van Israel gemaak is deur die besnydenis, ontvang ons kindertjies dieselfde beloftes deur die doop.

Nadat Mechiel die sakrament van die doop ontvang het, word die gemeente opgeroep om hierdie seuntjie ook in liefde te ontvang en medeverantwoordelikheid te aanvaar vir sy opvoeding in die Christelike leer. Oudl. Martin Nortjé het namens die gemeente 'n Bybel en boekie aan die ouerpaar oorhandig om hulle te ondersteun in die onderrig van Mechiel. Na die erediens is die gemeente in die saal bederf met heerlike eetgoedjies saam met hul koffie of tee.

Pieter en Danelle, wees verseker dat die gemeente julle sal ondersteun in julle opdrag om Mechiel in Sy naam te onderrig.



Pinkstergeleentheid (kerkplanting - deel 2)

Gerhard van Staden

In ons Junie-uitgawe het ons breedvoerig terugvoering gegee oor ons gemeente se moontlike betrokkenheid met kerkplanting, te wete:

Die geboorte van 'n kerk van ons Here Jesus ... in 'n nuwe konteks!

In hierdie uitgawe, kyk ons bietjie dieper.

Ds. Kruger de Kock (Cross Culture Church in Randburg) het tydens hierdie bespreking 'n metafoor van die geboorteproses gebruik om kerkplanting te illustreer. Hierdie konsep het ten doel gehad om aan ons te verduidelik oor hoe die proses van kerkplanting behoort te geskied tussen die kerk(e) wat stuur en die kerkplanter(s).

Die bruidegom.



- Jesus Christus word voorgestel as die bruidegom wat opdrag gegee het dat ons die Woord van God tot elke uithoek van die aarde moet verkondig. Die eerste kerkplanting, met Adam en Eva, het in die tuin van Eden plaasgevind.



Die bruid.

- Ons, die mens, word beskou as Sy bruid en daarom is dit in die kerksweë alombekend dat daar van die kerk as vroulik gepraat word. (vgl. Johannes 3:28 – 30)



Die bruilof.

- Die bruilof is die verbond tussen God en sy bruid (as kerk). Die kerk in hierdie verband is al die getroue gelowiges van alle tye en word uitgebeeld as die bruid en die bruilofsgaste. Ons is aan Christus gegee en is daarom die bruid, maar is ook deel van God se koninkryk, en daarom ook die genooide gaste. (vgl. Openbaring 19:5 – 10)



Die motivering (om 'n baba te hê).

- Omdat ons daarvan bewus is dat die geboorteproses baie pynlik en duur is, ontstaan die volgende vrae:
 - Waarom is die ouers bereid om deur daardie pyn te gaan?
 - Hoe hanteer ons daardie pyn?
 - Hoe hanteer ons die kostes daaraan verbonde?

Tog is ons terdeë daarvan bewus dat 'n baba 'n groot bron van vreugde is!



Die geboorteproses.

- Ons (die mens en kerk) is gebore om God se opdrag uit te voer! Ons is geskape om God te aanbid.



Die geboorte.

- God is lief vir Sy kerk! Die baba is gebore en dra die DNA van die ouers. Die baba word met groot sorg grootgemaak met die bedoeling om later as volwassene met hierdie proses voort te gaan.

Ten slotte: Die aspek wat die meeste misgekyk word met kerkplanting is die verhouding tussen die moeder en die dogter. By implikasie beteken dit dat daar deurlopend gefokus moet word op die verhouding tussen die kerke(e) wat stuur en dié wat kerk(e) plant.



Klik hier om die volledige gesprek te luister.

Kerkfinansies - Junie 2026

	Junie 2026		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentatie Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Diensgroepe	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Junie 2026, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto surplus van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir Junie 2026 was ** meer as die begrote maand se lidmaat bydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote bydraes.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentede, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik verwysing: **Wyk, Naam, Van**

Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Meijer gesin

As geloofsgesin het ons die afgelope tyd twee nuwe boeties en twee nuwe sussies bygekry. Roald en Ruani Meijer met hul twee kinders, Adelin en Eli, het in ons omgewing ingetrek en deel van ons gemeente geword.

Terwyl Roald hier in Pretoria gebore is en opgegroeï het, kom Ruani oorspronklik van die Oos-Kaap en spesifiek Queenstown. Tog het die Here hulle bymekaar gebring toe Roald in sy dertigste lewensjaar vir werk Oos-Londen toe is en hulle mekaar via online-gaming ontmoet het. So vier jaar gelede het hulle saam teruggekom Pretoria toe en in Pretoria-Noord en Montanapark gebly, voordat hulle nou hier bly.

Roald is handig met sy hande, lief vir die rekenaar en sien 'n toekoms in Robotika. Tans is hy instandhoudingsbestuurder by Mirtehof.



Ruani het al as paramedikus-assistent gewerk en ook baie kantoorwerk gedoen. Tans is sy as gevolg van haar gesondheid tuis en begelei sy hul twee kinders. Adelin is in Graad 5 in Laerskool Wonderboom, terwyl Eli vier jaar oud is en mal is oor helikopters!

Ons nuwe Meijer-boeties en sussies: **Hartlik welkom by ons! Mag ons saam met mekaar 'n pad stap waarin ons saam ons Here dien en al meer uit en vir ons Here Jesus leef!**

Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Diakonie se diensgroepe: Siekebesoeke



In hierdie laaste aflewering van ons reeks oor die diakonie se diensgroepe, sit ons die kollig op die **siekebesoek-diensgroep**.

Die diensgroep spits hom daarop toe om na lidmate uit te reik wat bemoediging nodig het terwyl hulle in die hospitaal opgeneem is. Die ondersteuning kan plaasvind tydens hospitaalbesoeke, hulp tydens hospitaalopnames of wanneer lidmate tuis aansterk tydens ongesteldheid of waar hulle beserings opgedoen het.

Alle Christene kry in Galasiërs 6:2 die opdrag om mekaar se laste te dra. Ons is immers almal deel van één liggaam – en as die een ly dan ly ons almal saam. Vir hierdie diensgroep beteken dit dus:

- ♥ om siekes en beseerdes tuis en in die hospitaal te besoek,
- ♥ na hulle te luister,
- ♥ en hulle met die Evangelie te bemoedig.

Wanneer 'n besoek nie moontlik of nodig is nie, byvoorbeeld in die geval van 'n dagprosedure of 'n opname in afgeleë hospitale, poog ons om die lidmate telefonies te kontak.

Die diensgroep is saamgestel uit 'n diaken (koördineerder) en 'n aantal lidmate wat hom ondersteun. Lidmate wat voel dat hulle oor die gawe beskik om ander te bemoedig is welkom om by hierdie diensgroep aan te sluit. Kontak gerus diaken **Towan Nöthling** by **083 861 8824** vir verdere inligting.

Siekebesoeke is 'n **liefdesdiens**. Om hierdie liefdesdiens te kan verrig word die volgende breë riglyne voor oë gehou, maar die besoeker moet hom of haar ook laat lei deur die Heilige Gees om die pasiënt te bemoedig.

- ♥ Ons doen 'n gebed.
- ♥ Ons luister met sensitiwiteit en aandagtigheid.
- ♥ Ons betoon simpatie.
- ♥ Sensitiewe en vertroulike sake word met die nodige erns en vertroulikheid bejeën.
- ♥ Ons gesels openhartig en eerlik, ondersteun deur waarheid in liefde.
- ♥ Ons fokus op die pasiënt en deel nie ons eie lewenservaringe nie.
- ♥ Ons doen 'n paar kort besoeke in stede daarvan om een lang, uitputtende besoek te skeduleer.
- ♥ Ons lees gepaste gedeeltes uit die Bybel.
- ♥ Ons neem ander mense in die saal ook in ag, tog toon ons ook belangstelling in hulle en dra ons hulle ook op in ons gebede.

Ons diensgroep se filosofie is dat net Christus die verlosser is. Ons is daarom net 'n instrument van Hom om te kan bemoedig.



Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:

In elke krisis weet ek Hy is daar

Ongeveer 'n jaar en 'n half gelede moes ons vir ons seuntjie 'n spesiale toestel koop sodat hy in 'n hoofstroomskool optimaal kan funksioneer. Die koste vir so toestel is hoog, en ons het dit 'n gebedsaak gemaak. Ons het gedoen wat ons kon, en wonderbaarlik het dit so uitgewerk dat al die geld wat ons nodig gehad het 'n paar dae later, alles op een dag, in ons rekening bymekaar gekom het. Selfs 'n belastingterugbetaling waarvoor ons al meer as twee jaar gewag het, het ingekom net mooi op die regte tyd. Ons was dankbaar en glo dat dit ook bevestiging was dat ons die regte ding doen.

Ons het bietjie meer as 'n maand vantevore reeds die maatskappy besoek waar die toestel aan ons gedemonstreer is. 'n Kwotasie is aan ons gestuur, maar omdat dit intussen verval het, moes ons 'n nuwe kwotasie aanvra. Ons het die kwotasie per e-pos ontvang en die bedrag oorbetaal.

Drie ure later skakel 'n persoon van die maatskappy om die kwotasie te bespreek voordat sy dit deurstuur. Ons het dadelik besef dat die e-pos nie van haar af gekom het nie, hoewel dit presies soos haar e-posse gelyk het. Ons het die geld in 'n bedriër se rekening betaal! Ek het besef dat ek in hierdie oomblik ook vir my kinders wat by my gesit het, moet wys dat ons te midde van 'n krisis aan die Here vashou. Hy het tot hier voorsien, en ons moet nou ook vertrou dat Hy dit ook verder sal doen.

Ons het onmiddellik die betrokke banke geskakel, maar die dringendheid waarmee ons graag sou wou hê die saak hanteer moet word, het ons nie aan die anderkant van die telefoon gehoor nie. Skielik het 'n rustige dag in chaos verander. Ons het polisie toe gegaan. Die polisie was baie simpatiek, maar mens het dadelik die indruk gekry dat hulle nie regtig verwag dat hierdie tipe sake opgelos word nie.

(Ons het later uitgevind dat e-posse onderskep is en die bankbesonderhede op die tweede kwotasie verander is. Dieselfde het ook met twee skole gebeur wat aankope by dieselfde maatskappy doen.)

Later die aand, besef ons ook dat ons vir hierdie persoon moet bid, eerder as om kwaad te wees. Hy het die Here se ingryping in sy lewe nodig. Die volgende dag het ek na die bank toe gegaan. Die geld is wel deur die nag in 'n rekening inbetaal en is onmiddellik na 'n ander bank geskuif.

Maande se oproepe en besoeke aan die bank het gevolg, totdat ons uiteindelik die saak by die Ombudsman vir bankdienste aangemeld het. Intussen het die Hoof Uitvoerende Beampte van die maatskappy waar ons die toestel wou koop my gekontak. Ek het mense leer ken wat werklik 'n diens wil lewer aan persone wat hulp nodig het om op 'n daaglikse basis optimaal te kan funksioneer - mense wat hulle Godgegewe roeping uitleef en nie net 'n besigheid bedryf nie. Hulle het vir ons 'n toestel geleen.

Na amper 'n jaar bevind die Ombudsman dat die bank die volle bedrag aan ons moet terugbetaal, aangesien korrekte protokolle nie gevolg is nie. Met die gebruik van die leentoeestel kon ons agterkom dat sekere funksies nie korrek werk nie en kon ons dit rapporteer. Ons kon nou die weergawe koop waarop hierdie probleme reggestel is.

Wat op die oog af na 'n chaotiese situasie gelyk het, word 'n getuigenis dat God voorsien in alle omstandighede. Ten spyte van wat gebeur het, was ons seun nooit sonder die toestel wat hy nodig gehad het nie. Ons het geleer om te vertrou dat die Here in beheer is, ook wanneer dinge lyk of dit uitmekaar val. Ons het besef dat, om sonder Jesus in jou lewe te wees, veel erger is as om besteel te word. Ons het uitgevind dat gelowiges, wat ons nie eens ken nie, en gehoor wat gebeur het, vir ons gebed het. Ons het geleer dat God vir ons saak besleg, ook daar in vergaderings waar ons geen insae het nie.

Blokraai - Julie 2026

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.



En ons begin vanaf Julie 2026 met die nuwe suksestelling: Elke opeenvolgende maand wat jy 'n korrekte blokraai instuur, kry jy 'n fonteintjie. Die lidmaat wat teen Julie 2027 die meeste fonteintjies het, kry 'n spesiale prys. So probeer jou bes om elke maand die korrekte blokraai in te stuur!

- Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte blokkiesraaisels:

- Rita Kruger
- Andrie Beumer
- Jan Rehder
- Blignaut Viljoen

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

1. Die héél eerste kerkplanting het in hierdie tuin plaasgevind. (uit: Pinksterfeesgeleentheid)
2. Paulus het vir hierdie gemeente geskryf: Wees bly en bid ... (Uit: Vreugde, ten spyte van)
3. In Jesaja 43:2 lees ons van die geknakte _____. (Uit: Gebedsversoeke)
5. Hy (sy van) het die versnommers in die Bybel bygevoeg. (Uit: Het jy geweet?)
6. Josef was in Egipte in sy diens gewees. (Uit: Nogtans ... God beskik)
7. Banke moet streng _____ nakom om bedrog te voorkom. (Uit: Dit borrel in my ...)
9. In Galasiërs 6:2 kry hierdie groep mense opdrag om mekaar se laste te dra. (Uit: Fokus op ons kommissies en diensgroepe)
11. Hy (sy van) het die stelsel van hoofstukke in die Bybel begin. (Uit: Het jy geweet?)
12. Dié entiteit het verseker dat 'n bedrogsaak opgelos word. (Uit: Dit borrel in my ...)
15. Hy het altyd onthou van God se genade. (Uit: Hoërskoolrubriek)

Leidrade - Dwars:

4. Siekebesoeke is 'n _____. (Uit: Fokus op ons kommissies en diensgroepe)
8. Sy wou eerder Mara genoem word! (Uit: Nogtans ... God beskik)
10. Die reuk van reën op droë grond word só genoem! (Uit: Die tuimelende toring van Parys)
13. Sy was 'n regte "busy body". (Uit: Tienerfokus)
14. Een van die speletjies wat deur die laerskooljeug gespeel is. (Uit: Die seisoen tussen somer en winter ... Tyd!)
15. Sy broers was jaloers op hóm. (Uit: Nogtans ... God beskik)
16. Hierdie spierwit soogdiere kom in die poolsirkel voor. (Uit: Diere en voëls van die Bybel)
17. Tans is die grootste gesondheidskrisis in die Westerse Wêreld _____heid. (Uit: Hoe begin ek 'n gesprek oor Jesus?)

Het jy geweet?

Die totale aantal hoofstukke in die Bybel is 1 189.
'n Totaal van 929 hoofstukke kom in die Ou Testament voor en 260 hoofstukke in die Nuwe Testament.

Die totale aantal verse in die Bybel is 31 102. 'n Totaal van 23 145 verse kom in die Ou Testament voor en 7 957 verse in die Nuwe Testament.

Bron:

Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JULIG! Tydskrif

(statistiek)

Die stelsel van hoofstukke in die Bybel is in 1238 n.C. deur Kardinaal Hugo de S. Caro ingestel terwyl die versnommers eers in 1551 n.C. bygevoeg is deur Robertus Stephanus na die opkoms van die drukpers.

Bron:

Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JULIG! Tydskrif



Diere en voëls van die Bybel

Bere (Deel 6)

Gerhard van Staden


In die sesde aflewering van ons reeks artikels oor soogdiere fokus ons in hierdie maand se uitgawe op die bere.

Onmiddellik kom die vraag op: Het bere ooit in die beloofde land voorgekom?

Kom ons kyk eerstens waar bere voorkom en tweedens of bere wel in die Bybel genoem word.

Die groot spierwit ysbere wat in die poolsirkel voorkom en die twee spesies groot bruinbere, naamlik die Alaska- en Kodiakbere word suiwer as karnivore geïdentifiseer. Hulle is dan ook die heel grootstes. Die kleiner bruinbere kom wydverspreid in die noordelike halfrond voor en word as omnivore geklassifiseer.

Die bere wat in die Beloofde Land voorgekom het, staan bekend as die Siriese beer. Hulle was daarvoor bekend dat hulle meer “bleek” was as hul bruiner eweknieë. Soos die menslike bevolkings gegroei en versprei het, was die bere genoodsaak om al verder van menslike nedersettings te beweeg. Die laaste bere in Palestina is gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die omgewing van Libanon en Berg Hermon deur soldate doodgeskiet. Daar is egter nog enkeles wat in dieretuine oorleef!



Normaalweg word vier kleintjies as werpsel in die lewe gebring. Dit is hierdie proses en die ma se ongekende aggressie en verbete stryd om die kleintjies groot te maak, wat in die Ou Testament genoem word. In 2 Samuel 17:8 lees ons van Gusai wat sê dat Dawid se soldate dapper vegters is en hulle is verbitter soos 'n beer wat in die veld van haar kleintjies beroof is. In Spreuke 17:12 lees ons: “'n Mens kan liewer 'n beerwyfie raakloop wat van haar kleintjies beroof is, as 'n dwaas met sy sotheid”. Voorts lees ons weer in Hosea 13:8 waar die Here sê: “Ek sal hulle aanval soos 'n beerwyfie wie se kleintjies afgeneem is”.

Verdere verwysings na bere in die Ou Testament kom voor in 1 Samuel 17:34, 36 & 37 (krag van die beer), 2 Konings 2:24 (twee bere het 42 kinders verskeur), Spreuke 28:15, (goddelose regeerder oor 'n weerlose volk), Jesaja 59:11 (grommende bere) en Amos 5:19 ('n aanvallende beer).

Die enigste verwysing na 'n beer in die Nuwe Testament vind ons in Openbaring 13:2 (beskrywing van die dier uit die see).

In ons volgende artikel (Augustus 2026) kyk ons na die honde.

Bron: Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

TIENERFOKUS MAGDA DU TOIT

GOD IS LIEF VIR JOU NET SOOS JY IS, ONDANKS ...

Maar Hy sê vir Samuel: 'Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.

1 Konings 8:39

Om tiener te wees is nie vir sissies nie. Almal verwag die beste – goeie skoolpunte want anders maak die deure toe. Sportprestasies maak weer deure oop. Hierdie verwagtinge veroorsaak maklik 'n lae selfbeeld want, wanneer ons ons teen ander meet, voel dit asof ons te kort skiet. Voel jy soms dat jy net nie goed genoeg is nie?

Dalk moet jy vandag jou fokus verander. Dalk is dit tyd om jou meetinstrument en -standaarde te verander. Bêre jou wêreldliniaal en gaan haal jou Bybelliniaal.

God het jou al geken lank voordat jy gebore is (Jer. 1:5), en Hy het jou meesterlik gemaak (Psalm 139). Verstaan jy dit? Jy is deur God, volgens Goddelike spesifikasies geskape. Dit maak jou besonders. God maak nie foute nie. Net so is God se liefde vir jou spesiaal. Dit is onvoorwaardelik. Dit is 'n ten-spyte-van-liefde. Dit is 'n ondanks liefde.

Kom ons kyk bietjie na mense wat die Here in die Bybel gebruik het. Die samelewing het vir Ragab uitgestoot want sy het 'n reputasie gehad. Moses het gehakkel. Miriam het geskinder. Rut was 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Gideon was onseker van homself. Dawid het 'n buite egtelike verhouding gehad en selfs veroorsaak dat dié vrou se man doodgemaak word. Martha was 'n regte "busy body".

Petrus het 'n plofbare humeur gehad. Hy het boonop ook in 'n benoude oomblik vir Jesus verloën. Paulus het eens Christene vervolg. Was hierdie geloofshelde van die Bybel perfek? Beslis nie. Tog, ondanks hulle foute, ten spyte van hulle tekortkominge, nieteenstaande hulle geaardhede, voorkoms of geslag, nogtans het die Here hulle gekies vir 'n taak. Nogtans....

Moses en Gideon het beide gevoel dat hulle nie God se opdrag sou kon uitvoer nie. God het aan altwee dieselfde antwoord gegee – Hy het hulle verseker dat Hy by hulle sal wees. "Ek is by jou..." (Rigters 6:16).

God het nie vir hulle vertel hoe oulik hulle is nie. Hy het nie gou 'n rits balkies op hul klere gewerk nie. Hy het hulle verseker dat Hy by hulle sal wees. Net so is God ook altyd by jou. Ondanks alles is Hy met jou.

Wat kan jy doen?

Besef dat jy nie minderwaardig hoef te voel nie – jy is goed genoeg, ondanks.....

Omring jouself met vriende wat vir jou omgee, ondanks

Moenie wegkruip nie, brei jou horisonne uit want God stap saam met jou. Hy is by jou ondanks.....

Praat met ander oor hoe jy voel. Maar bowenal, praat met God, ondanks.....

GENADE IN DIE NOGTANS-OOMBLIKKE



Baie maal wanneer ons aan die woord "nogtans" dink, dink ons aan die woorde van Habakuk, waar hy sê:

"nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."

(Habakuk 3:18).

Daar is natuurlik niks verkeerd met juig na ons swaarkry nie, maar ons is geneig om van die genade in ons nogtans-oomblikke tydens ons swaarkry te vergeet. Daarmee saam gaan geduld, want in baie van ons moeilike oomblikke is ons geneig om van die genade te vergeet. Ons vergeet dat God ons vashou deur ons swaarkry, deur die tye wanneer dit voel of die lewe net een te veel word.

Job is 'n voorbeeld van iemand wat altyd onthou het van God en sy genade - van God en sy getrouheid. Daarom kon hy in sy swaartye (en hy hét swaar gekry) altyd onthou van God. Hy het nooit God se naam sleg gemaak nie. Ja, hy het soms gevoel asof die lewe geen sin meer het nie, maar omdat God genade met Job gehad het kon Job met God praat. God het hom ook laat onthou dat Hy in beheer is, al lyk dit of daar niks is om voor te lewe nie.

In ons swaarkry kry ons genade van God. Ons kry ook geduld, wat 'n vrug van die Heilige Gees is (Galasiërs 5:22), maar ons is mense wat geneig is om ongeduldig te wees. Wanneer ons ongeduldig is, maak dit dit vir ons baie moeilik om die genade raak te sien. Daarom moet ons bid en vra vir geduld, want op ons eie kan ons nie.

God gee Sy genade aan ons in ons nogtans-tye. Soms is dit om nee te sê vir iets wat ons graag wil hê of doen. Soms is dit om ons net 'n bietjie langer te laat wag. Sô leer ons ook om te bid met opregtheid. Soms is dit om ons 'n les te leer. Maar ongelukkig besef ons dit eers sodra dinge verbeter.

Dus, wanneer ons voel dat God van ons vergeet, gaan dink aan jou nogtans-oomblikke van die verlede. Gaan kyk of jy geduld gehad het, sien God se genade en onthou hoekom Hy dinge laat uitwerk het soos dit het.

Die tuimelende toring van Parys – Deel 4

Nicola du Plessis

Die kookpunt van 'n stof is die punt waar die ... my gedagtes word onderbreek deur 'n aardige geluid. My hart mis 'n slag. My maag maak 'n nare draai. Daar is net twee dinge waarvan ek weet wat so klink. . . Die reuk tref my sekondes later. Petrichor! Die reuk van reën op droë grond. . .

Ek pers my lippe saam en draai my kop stadig om by die venster uit te kyk. 'n Wolkbreuk. Net mooi wat ek nou nodig het.

Toe die onderwyser die vraestelle inneem, kan ek nie vinnig genoeg by die klas uitkom nie. Klara sien die uitdrukking op my gesig toe ons onder die afdak bymekaar kom vir pouse. Dit reën steeds kliphard.

“Moenie vir my sê..”. Sy weet nog nie wat gebeur het nie, maar ek kry die idee dat sy 'n sterk vermoede het. Ek maak keel skoon. “Uhm, wel, jy sien, die saak staan só.” Ek rammel die storie af.

My hart hamer nog teen die tyd wat Lara van die snoepie af by ons aansluit. Klara bring haar op hoogte van sake. Ek kan sien hoe haar moed tot in haar skoene sak. As die skoolskoene se sole nie so hard was nie, het dit heel waarskynlik nóg verder gedaal.

Dan vra sy wat ons almal dink: “Wat nou?”

Dit reën vir 'n oomblik effens sagter. Ons sien die geleentheid en hardloop na die rugbyveld toe. Op die veld staan 'n natgereënde pappery. Wie het nou gedink dat karton so vinnig in 'n gemors kan verander as dit nat word. Ons kyk na die Eiffeltoring. Duidelik is dit nou die natgereënde, druppende, tuimelende katastrofe van Parys.


Mens kan darem nog sien dat dit die Eiffeltoring moes wees. Volgens my, in elk geval.

“Wat nou?” Vra Lara weer.

“Wel, ons sal vir meneer moet vra of hy só vir hom kan punte gee, of moet ons dit oor doen.”

Lara kyk na my. “Wel, ek doen dit definitief nie oor nie.”

Met 'n sug tel ek die boks-agtige storie op. “Nou hoop ons maar vir die beste...”



KLEUTERPRET

INKLEUR PRENT


Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.
Plaas jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!






Doolhof

Help vir Karl om van die groen appel af, deur die doolhoof, veilig tot by die rooi appel te kom!
Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.





Snuffelfontein



Pelvic Care - Mayville
 -Bekkenbodemrehabilitasie en welstand.
 -30min konsultasie.
 -Kontak Renate Wannenburgh by 082 443 7081 vir konsultasie.



Heerlike ingelegde slaai beskikbaar!
 -Kerriebone: R90
 -Koperpennie, uie en spaghetti: R80
 -Beetslaai (groot): R70; (klein): R40
 Kontak vir Lorain Deysel by 084 503 3369.



Stapelpotte vir joukruiplante
 -Ek wil die potte weggee.
 -Wie stel belang?
 -Skakel Johnny by 082 885 3573.



Klein kragopwekker
 -Goeie werkende toestand.
 -R1500.00
 -Skakel Johnny by 082 885 3573.

Blokadvertensies

GEBEDSGROEP VIR JEUG

"Laat die kindertjies na My toe kom..."
 Lukas 18:16

"Bid gedurig."
 1 Tess 5:17

Met die doop van elke kindjie belowe ons as gemeente om die kindjie te ontvang, vir hom/haar te bid, lief te hê en 'n voorbeeld te wees.

Ons is opsoek na mense wat bereid is om ons kinderjies na Jesus toe te bring deur vurig vir hulle te bid!

Kontak:
 Anneën van der Merwe
 072 671 8373
 of skandeer die QR-kode na die groep.

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angsversteuring of verslawing? Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
 072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



AFRI-DUETFEES

2026

Jannie Moolman & Loriska Schmidt

Louis Look & Amira Willighagen

Hendri Myburg & Nadia Beukes

Douwe Bijkersma & Lanie Coetzer

Wanneer:
 • Saterdag
 • 17 Oktober om 14:00

Waar:
 • Opera Staatsteater
 • Pretoria Sentraal

Besprekings:
 • riekiep3@gmail.com
 • WhatsApp: 082 586 9167

UITNODIGING

DAMESOGGGEND

22 Augustus 2026

SCHEPPEL
Voorskou

JAK DE PRIESTER

JE-ANI SWIGELAAR

VENUE:
 JONIBACH SPORTSENTRUM

TYD:
 08:00 VIR 09:00

KOSTE:
 R250 P/P

GESAMENTLIKE UITREIKAKSIE;
 VAN PRETORIA-GEMEENTES
 TEN BATE VAN DIE
 Pres Kruger Kinderhuise
 (GEORGANEER DEUR DIE GEREK KERK KAMEELDRIFT)

KONTAK:

Susan Fourie
 082 745 4117

Elize vd Walt
 079 339 5244



★ Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal bied aan: ★

BARNYARD

Fondsinsameling

BEYONCÉ
TINA TURNER
JENNIFER LOPEZ
BOB MARLEY
ELVIS PRESLEY
VILLAGE PEOPLE

THE FINAL COUNTDOWN
THE GREATEST MIXTAPE PLAYLISTS OF YOUR LIFE

11 SEP 2026 19:30

WAAR: The Barnyard, Menlyn
WANNEER: Vrydag 11 September 2026 om 19:30
KOSTE: R225 per persoon

Vir inligting en besprekings kontak...

Liza 072 460 7779
Magda 082 822 9247
Epos: barnyard@grkhrk.org.za

RIANA NEL

VRYDAG | 31 JULIE 2026 | 18:30

KAARTJIES
• R250 VOLWASSENES
• R150 HS KINDERS
• R50 LS KINDERS

EETGOED
• BESTEL VOORAF VIR ELKEEN 'N WORSBROODJIE @R35 ELK.
• SNOEPIE BESKIKBAAR VIR WATER, KOELDRANK & LEKKERS.

SUNRISEWEG 3 | OLYMPUS | 012 991 1395

NG Overkruin bied aan

MARKDAG 2026

Hamburger & skyfies
Pannkoek
Speltjies, spronge & soetgoed
Boereworsrolle
Poeëlings & gebale
Teetuin
Unieke items

25 Julie 2026 08:30 tot 13:00

ng overkruin

DIE GOLD NUGGETS WERKSWINKEL

MAGALIESKRUIN Gemeente

TOERUSING OM DIE EVANGELIE MET MOSLEMS TE DEEL EN MISVERSTANDE AAN TE SPREEK

WAT JY SAL LEER

- Hoe om misverstande en aantygings te beantwoord
- Hoe om Bybelwaarhede in konteks te verduidelik
- Hoe om sinvolle dialoog te hanteer
- Hoe om die Evangelie duidelik en effektief te kommunikeer

IS HIERDIE WERKSWINKEL VIR JOU?

- Stel jy belang om meer van Islam en Moslems te leer? Dit is noodsaaklik in vandag se tyd.
- Wil jy toegerus wees om die Evangelie te deel en vrae en aantygings met vertroue te beantwoord?
- Wil jy leer hoe om betekenisvolle verhoudings met Moslems te bou – sonder aanstoot en sonder kompromie?

AANBIEDER: FRED NEL
Internasionale sendeling en fasiliteerder na verskeie lande

TYP:
VRYDAG 28 AUGUSTUS 2026 17h30 - 20h30
SATERDAG 29 AUGUSTUS 2026 08h00 tot 17h00

PLEK: MAGALIESKRUIN NG GEMEENTE
150 Joyce Avenue Montana, Pretoria

KOSTE: NET R200 PER PERSOON
BESPREEK NOU, PLEK BEPERK TOT 50 PERSONE

REGISTRASIES: Registreer en betaal by:
012-538-1245
gemeente@magalieskruin.com
Magalieskruin NG Gemeente

BRING JOU BYBEL, NOTABOEK EN PEN

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma adverteer die volgende vakature:

ONTWIKKELINGSBEAMPT (DEELTYDS)

Gereformeerde Skool Dirk Postma (GSDP) in die Moot, Pretoria, is op soek na 'n deeltydse Ontwikkelingsbeampte.

Hierdie is nie 'n kantoorpos nie, maar 'n rol wat fokus op mense, verhoudings en betrokkenheid binne ons Gereformeerde gemeenskap.

DIE ROL BEHELTS ONDER ANDERE:

- benadering van die breë Gereformeerde gemeenskap vir langtermyn finansiële ondersteuning wat o.a. spruit uit vriende, lede en alumni wat aansluit
- gesprekke met gesinne oor betrokkenheid by GSDP
- en die identifisering en benadering van gesinne wie se kinders nie tans in GSDP is nie

ONS SOEK IEMAND WAT:

- gemaklik is om met mense te praat
- verhoudings kan bou
- nie bang is om te vra en op te volg nie
- en wat ons gemeenskap en skool verstaan
- 'n lidmaat van GKSA of VGKSA is

Die pos is deeltydse en kan ook na-ure en naweke insluit.
Die proef tydperk beloop 12 maande.

Sluitingsdatum: 21 Julie 2026
Kontak: voorsitter@gspd.org.za of 082 578 6300

www.gspd.co.za

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
NPO 001-597 PBO: 130001311

PROJEK WARMLYFIE

Die winter is hier.
Hulle het hierdie klere NOU nodig.

ABSA tjekrek: 020 840 145 Verwys: Naam + WL
Tel: 076 143 6961 info@toibo.org.za

KOM ONS HOU ONS KINDERS WARM.

ONS BENODIG:

- 20 donkerblou skoolbaadjies
- 33 donkerblou skooltruie
- 15 swart skooltruie
- 30 spesiale baadjies

www.toibo.org.za

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

